LAERSKOOL **KENMARE**

Durf en Daad

REGISTRASIE: KEN ‘N KNIKKIE KLEUTERSKOOL - 2024

Datum: _____

INLIGTING VAN LEERDER

Voorname				
Van				
Noemnaam				
Identiteitsnommer				
Geslag	Manlik		Vroulik	
Huistaal	Afrikaans		Engels	
	Ander			

INLIGTING VAN LEERDER SE FAMILIE				
Huwelikstatus van ouers	Getroud		Ongetroud	
	Geskei		Vervreem	

WAAR IS DIE LEERDER TANS WOONAGTIG?	
Beide ouers in een woning	
Beide ouers in aparte woning	
Vader	
Moeder	
Vader en stiefma	
Moeder en stiefpa	
Voog/Voogde	

Indien ouers in proses is om te skei of van mekaar te vervreem, gee asb inligting aangaande die kleuter se toesig en beheer hier:	

INLIGTING VAN OUERS/VOOGDE **OUER/ VOOG 1**	
Naam	
Van	
Identiteitsnommer	
Verwantskap	
Selfoonnommer	
Telefoon (werk)	
E-pos adres	
Woonadres (huis)	_____ _____
Huistaal	
Beroep	
Werkgewer se naam	
Werksadres	_____ _____
Huistaal	
Taal van voorkeur vir kommunikasie	

INLIGTING VAN OUERS/VOOGDE OUER/ VOOG 2	
Naam	
Van	
Identiteitsnommer	
Verwantskap	
Selfoonnommer	
Telefoon (werk)	
E-pos adres	
Residensiële adres	_____ _____
Huistaal	
Beroep	
Werkgewer se naam	
Werksadres	_____ _____
Huistaal	
Taal van voorkeur vir kommunikasie	

NOOD KONTAKPERSONE

Neem asseblief kennis dat hierdie persone in ‘n noodsituasie gekontak sal word wanneer u as ouer/voog nie beskikbaar is of bereik kan word nie

Sien asb hieronder:

NOOD KONTAKPERSOON 1

Naam en van	
Verwantskap	
Telefoonnommer	
Selfoonnommer	

NOOD KONTAKPERSOON 2

Naam en van	
Verwantskap	
Telefoonnommer	
Selfoonnommer	

MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER

Mediesefonds naam	
Hooflid se naam en van	
Lidnommer	
Huisdokter se naam	
Huisdokter se telefoonnommer	
Kroniese siekte/s	
Kroniese medikasie	
Allergieë	

Die skriftelike ooreenkoms volg hierna:

OOREENKOMS

aangegaan tussen:

LAERSKOOL KENMARE
KEN 'n KNIKKIE KLEUTERSKOOL

(hoek van Emdonstraat & Frederick Cooperrylaan, Kenmare, Krugersdorp)

(hierna verwys as "***die Skool***")

en

OUER(S) / VOOG(DE)[1]

naamlik

1. _____ ID-nommer: _____

2. _____ ID-nommer: _____

(hierna verwys as "***die ouer / voog***")

van

1. _____ ID-nommer: _____

2. _____ ID-nommer: _____

(hierna verwys as "***die kleuter(s)***")

woonagtig te

_____

_____

(gekose *domicilium citandi et executandi:* straatadres
nie posbus of poste restante nie)

[1] ***In die geval waar die ouer(s) / voog(de) geskei is, heg asseblief 'n gewaarmerkte afskrif van die hofbevel sowel as 'n gewaarmerkte afskrif van die skikkingsooreenkoms hierby aan***

1. **INLEIDING:**

1.1 Laerskool Kenmare is ‘n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Educating Policy Act (Wet No. 27 van 1996) – National norms and standards of School Funding.

1.2 Die ouer(s) / voog(de) is aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.

1.3 Indien ‘n hof sou gelas dat ‘n ander persoon die skoolgeld moet betaal, bly dit steeds die verantwoordelikheid van almal wat as ouer(s) / voog(de) van die kleuter kwalifiseer ooreenkomstig die definisie van ouer / voog in die Suid-Afrikaanse Skolewet, om die skoolgeld te betaal.

2. **DIE SKOOL ONDERNEEM OM:**

2.1 Die kleuter in te skryf indien hy/sy aan die toelatingsvereistes, soos deur die bestuur bepaal, voldoen en die immuniseringsrekord, soos per **Aanhangsel “A”** uiteengesit, op datum is;

2.2 Die belange van die kleuter voorop te stel volgens ‘n holistiese opvoedingsbenadering;

2.3 Die kleuter met behulp van gekwalifiseerde personeel voor te berei vir sy/haar skolastiese loopbaan;

2.4 Dienste te lewer op weeksdae vanaf 07:00 tot 13:30, uitgesluit openbare vakansiedae en skoolvakansies wanneer die skool gesluit is, soos aangedui op die skool se jaarprogram;

3. **DIE SKOOL BEHOU DIE REG VOOR OM:**

3.1 Enige toegangsbeheerstelsel wat die bestuur van die skool mag goedkeur ter beskerming van die leerders en personeel van die skool in werking te stel en toepaslike regulasies af te dwing;

3.2 Kundige advies oor ernstige gedrags- en ontwikkelingsprobleme van die kleuter in te win indien die bestuur dit nodig ag, sonder om die ouer(s) / voog(de) vooraf in kennis te stel;

3.3 ‘n Siftingstoets, sonder die skriftelike of mondelingse toestemming van die ouer(s) / voog(de) op die kleuter te doen deur die skool se Kennies Inklusiefspan.

3.4 In mediese noodgevalle die kleuter na ‘n dokter of hospitaal te vervoer of hulp in te roep, indien die ouer(s) / voog(de) nie binne redelike tyd bereik kan word nie en die ouers/voog sal verantwoordelik wees vir vir die betaling van alle onafwendbare mediese en-hospitaalkostes in die geval van beserings of enige ander voorval waar mediese hulp verlang word.

3.5 Om as plaasvervanger van die ouer/voog op te tree indien mediese of chirurgiese behandeling op ‘n dringende basis deur die kleuter benodig word, indien die ouer(s) / voog(de) nie binne redelike tyd bereik kan word nie en die ouers/voog sal verantwoordelik wees vir vir die betaling van alle onafwendbare mediese en-hospitaalkostes in die geval van chirurigiese gehandeling en enige ander voorval waar mediese hulp verlang word.

3.6 Die kleuter vir enige emosionele evaluasie(s) te stuur. ‘n Toestemmingsvorm sal wel, vooraf, aan die ouer(s) / voog(de) gestuur word vir oorweging.

3.7 Toelating te weier aan ‘n siek[2] kleuter wat volgens die bestuur se oordeel ‘n risiko vir homself / haarself, of ander kinders/personeel, inhou;

3.8 Te weier om die kleuter aan ‘n ander persoon af te gee indien die ouer(s) / voog(de) nie vooraf ‘n skriftelike reëling met die skool getref het nie.

3.9 In probleemgevalle, waar die kleuter se gedrag van só aard is dat dit nie meer in die beste belang van ander kleuters of personeel van die skool in geheel is nie, die ouer(s) / voog(de) een (1) maand skriftelike kennis te gee dat die kleuter die skool moet verlaat, tensy die bestuur in uitsonderlike omstandighede dit wenslik ag om ‘n korter tydperk skriftelik te bepaal.

3.10 Die inskrywing van die kleuter te kanselleer asook dienste wat deur die skool gelewer word, indien meer as 50% van een maand se maandelikse fooi op die laaste kalenderdag van die maand nog uitstaande is en die ouer(s) / voog(de) aanspreeklik te hou vir die invorderings- en regskostes op ‘n prokureur-en eie kliëntskaal. In die geval van kansellasie van die kleuter se inskrywing, neem die ouers/voog hiermee kennis dat die kleuter se plek by die Knikkies nie verseker of gehou kan word nie;

3.11 Sou enige fooie agterstallig of ander betalings verskuldig wees in terme van die ooreenkoms wat die skool noodsaak om stappe te neem vir die invordering van sodanige skulde, is die skool geregtig om sodanige ouer(s) en/of voog(de) of verantwoordelike persoon te swartlys en te rapporteer aan die relevante Krediet Buro wat die ouer/voog se kredietwaardigheid beïnvloed;

4. <u>DIE SKOOL AANVAAR NIE AANSPREEKLIKHEID VIR:</u>

4.1 Enige mediese onkoste van die kleuter nie, selfs in geval van paragraaf 3.4 en 3.5 hierbo;

[2] ***Enige aansteeklike siekte en/of kindersiekte, insluitende kopluise.***

4.2 Verspreiding van kindersiektes, infeksies, virusse of kopluise nie;

4.3 Die kleuter wat, na skool, na enige instansie en/of naskool, wat die kleuter mag bywoon geneem/vervoer word nie. Sodanige instansie en/of naskool neem volle verantwoordelikheid van die kleuter vanaf die oomblik dat hy/sy by die skool afgehaal word;

4.4 Gevolge van die optrede[3] van 'n derde party terwyl die kleuter in die sorg van die skool is nie;

4.5 Enige voorvalle wat mag plaasvind indien die kleuter buite die skoolhek afgelaai word nie;

4.6 Die vervoer van die kleuter, buiten in die geval van paragraaf 3.4 hierbo;

4.7 Verlies of beskadiging van persoonlike besittings en/of klerasie van die kleuter.

5. **DIE OUER(S) / VOOG(DE) IS GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK VERANTWOORDELIK VIR:**

5.1 Volle betaling van die registrasiefooi[4] is aan die skool betaalbaar voor die eerste dag wat die kleuter die skool bywoon en in ooreenstemmig met die bepalings van die Inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen die skool en die ouer(s) / voog(de);

5.2 Betaling van skoolgelde aan die skool sal soos volg geskied:

5.2.1 'n Eenmalige betaling voor of op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlike ouervergadering. 'n Korting, wat van jaar tot jaar deur die Beheerliggaam bepaal word, word aan ouer(s) / voog(de) toegestaan indien die volle jaar se skoolgelde vooruit betaal word voor die sperdatum.

[3] ***Die optrede sluit, inter alia, die kwaadwillige, opsetlike en/of nalatige optrede van 'n derde party in;***

[4] ***Die registrasiefooi dien as beide deposito sowel as die eerste maand se onderrigfooie om die kind se plek in die skool te verseker***.

5.2.2 Afbetaling oor 11 (elf) maande, i.e. Januarie tot en met November, welke bedrag voor op of die 7de van elke maand betaal moet word;

5.2.3 Ander reëlings sal skriftelik met die skool getref word op die ouer(s) / voog(de) se eie verantwoordelikheid en inisiatief.

5.3 Die volle betaling van enige uitstaande gelde wanneer die kleuter bywoning geweier word weens verbreking van die ooreenkoms soos hierin uiteengesit;

5.4 Die volle betaling van enige uitstaande gelde wanneer die kleuter afwesig is, hetsy weens vakansie of siekte of welke rede ookal;

5.5 Die volle betaling van ‘n renteheffing van 2% per maand op agterstallige rekeninge;

5.6 Die volle betaling van ‘n boeteheffing van R250.00 per debietorder wat onteer word deur die bank;

5.7 Die gee van skriftelike kennis van 30 (dertig) dae en volle betaling van die onderrigsfooie vir die kennismaand indien die kleuter die skool op enige datum in die maande Januarie tot November sou verlaat vir welke redes ookal;

5.8 Die inkennisstelling van die skool van enige gesondheids-, sielkundige of gedragsprobleme wat die kleuter mag hê of kan ontwikkel, of enige omstandighede of gebeure wat sy / haar gedragspatroon en welsyn mag beïnvloed;

5.9 Die inkennisstelling van die skool van enige veranderinge in kontakbesonderhede van die kleuter en ouers/voogde, insluitende telefoonnommers, selfoonnommers, woon- en posadresse;

5.10 Die verskaffing van korrekte inligting en instruksies op die doseringskaart wat die ouer(s) / voog(de) voltooi wanneer medikasie ingehandig word.

5.11 Alle regskostes wat mag voortspruit uit die afdwinging van die voorwaardes van hierdie ooreenkoms, insluitende invorderingskostes en prokureur- en eie kliëntekostes.

6. **DIE OUER(S) / VOOG(DE) ONDERNEEM OM DIE SKOOLREËLS TE GEHOORSAAM EN ERKEN DAT HY/SY/HULLE TEN VOLLE VERTROUD IS DAARMEE:**

6.1 Personeel van die skool word nie toegelaat om die kleuter tussen huis en skool te vervoer nie;

6.2 Die ouer(s) / voog(de) word nie toegelaat om die personeel op hulle selfone te skakel gedurende skooltyd nie. Sou die oproep dringend van aard wees, is die ouer(s) / voog(de) welkom om die skoolkantoor te skakel.

6.3 Die ouer(s) / voog(de) moet die skool in kennis stel indien iemand anders as die gemagtigde persone wat op die inskrywingsvorm aangedui is, die kleuter by die skool kom afhaal;

6.4 Die ouer(s) / voog(de) moet ‘n vrywaringsvorm onderteken indien die ouer(s) / voog(de) ‘n ander persoon of instansie toestemming gee om die kleuter met ‘n skooluitstappie te vervoer;

6.5 Die ouer(s) / voog(de) moet verjaarsdagpartytjies by die skool in oorleg met die betorkke klasonderwyser reël;

6.6 Geen persoonlike speelgoed, selfone, I-pads en /of tablette mag saamgestuur word skool toe nie, behalwe wanneer die dagprogram so aandui;

6.7 Die ouer(s) / voog(de) verskaf medikasie wanneer van toepassing en vul die doseringsvorm in;

6.8 Die ouer(s) / voog(de) moet daagliks ‘n addisionele stel skooldrag voorsien sowel as ‘n sonhoed vir die kleuter;

6.9 Die ouer(s) / voog(de) word verplig om die kleuter netjies en versorgd, in skooldrag geklee en beskerm deur ‘n doeltreffende sonskerm-smeermiddel, by die skool af te laai;

6.10 Tydens die op- en aflaai van die kleuter by die skool word die ouer(s) / voog(de) verplig om die kleuter tot binne in die skoolgronde te vergesel en na skool ook die kleuter van binne die skoolgronde terug te vergesel na u motor.

6.11 Die ouer(s) / voog(de) moet die skool onverwyld in kennis stel indien die kleuter afwesig gaan wees;

6.12 Die kleuter se kontakboekie moet op ‘n weeklikse basis deur die ouer(s) / voog(de) geteken word en ook elke dag saam met die kleuter skool toe gestuur word in sy / haar Posman;

6.13 Kommunikasie kan skriftelik geskied deur middel van die kleuter se kontakboekie;

6.14 Die ouer(s) / voog(de) is verantwoordelik om daagliks vir die kleuter ‘n gesonde kospakkie skool toe te stuur.

7. VRYWARING / TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM.

7.1 Die ouer(s) / voog(de) gee hiermee toestemming dat die kleuter(s) hierin genoem:

7.1.1 aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool op ‘n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem;

7.1.2 toetse deur die skool se ondersteuningsspan (Kennies-Inklusief) met die oog op hulpverlening in skoolwerk of identifisering van probleme te mag aflê;

7.1.3 vervoer mag word deur ‘n openbare busmaatskappy wat deur die skoolbestuur goedgekeur is;

7.2 Die ouer(s) / voog(de) aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van die kleuter en dat die ouer(s) / voog(de) verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van alle onafwendbare mediese en/of hospitaalrekeninge in die geval van ‘n besering/s wat nie toegeskryf kan word aan die nalatigheid van die verantwoordelike persoon/personeeel nie;

7.3 Die Ouer(s) / voog(de) delegeer my/ons magte as ouer(s) / voog(de) oor aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger/ plaasvervanger, indien mediese of chirurgiese behandeling op ‘n dringende vir die kleuter nodig mag wees. Sover ek/ons weet is die kleuter fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer die kleuter in goeie gesondheid.

7.4 Die Ouer(s) / voog(de) onderneem dat alle mediese inligting wat aan die skool voorsien is, akkuraat en volledig is en dat hierdie inligting in enige noodgeval gebruik mag word deur die Skool;

7.5 Die Ouer(s) / voog(de) onderneem om die skool in kennis te stel indien enige van bogenoemde inligting sou verander.

8. **ALGEMEEN**

8.1 Die Ouer(s) / voog(de) stem toe dat enige beeldmateriaal van hul kleuter gebruik mag word vir enige publikasie van die skool in watter formaat ook al, insluitende op sosiale platforms;

8.2 Die Ouer(s) / Voog(de) erken, met ondertekening van hierdie Ooreenkoms, dat hy/sy/hulle ten volle vertroud is met die regulasies van

die skool en dat hy/sy/hulle die inhoud van die Ooreenkoms gelees het en verstaan.

8.3 Indien die voorwaardes van hierdie Ooreenkoms nie nagekom word nie, behou die skool die reg om sonder enige kennisgewing:

8.3.1 Toelating en klasbywoning van die kleuter te weier, en

8.3.2 Hierdie ooreenkoms summier te kanselleer.

8.4 Regulasies is onderworpe aan veranderings waarvan die ouer(s) / voog(de) skriftelik in kennis gestel sal word en wat bindend sal wees nadat dit deur beide partye onderteken is, indien die skool ondertekening nodig ag.

8.5 Die ouer(s) / voog(de) doen hiermee afstand van enige regsaksie wat teen die skool ingestel mag word en wat mag voortspruit uit watter gebeure ookal tydens die kleuter se bywoning van die skool en/of skoolaktiwiteite en/of skoolfunksies.

8.6 Die ouer(s) / voog(de) stem hiermee vir die doeleindes van alle of enige regsverrigtinge wat ingevolge hierdie Ooreenkoms mag voortspruit, toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof, wat andersins jurisdiksie het kragtens Artikel 28 van die Wet op Landdroshowe van 1944, soos gewysig, ondanks die feit dat sodanige verrigtinge andersins buite hierdie jurisdiksie val, word hierdie klousule geag die vereiste skriftelike toestemming te wees wat jurisdiksie aan die gemelde hof verleen.

8.7 Die ouer(s) / voog(de) bevestig hiermee dat all inligting verstrek op die aansoek waar en korrek is en stem hiermee toe en magtig die skool om ‘n omvattende kredietnavraag na die kredietwaardigheid van die ouer(s) / voog(de) te doen vir die doeleindes van die aansoek.

9. **BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

9.1 Ek/ons, die ouer(s) / of wettige voog/(de) van die kleuter, gee hiermee toestemming dat:

9.1.1 Die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inlgiting van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool; en

9.1.2 Die skool die kleuter se persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool.

9.1.3 Ek/ons bevestig dat ek/ons ons ingelig is dat die bogenoemde inligting in oorstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word.

9.2 Deur hierdie Kontrak aan te gaan, en tensy u te eniger tyd die Skool uitdruklik en skriftelik tot die teendeel inlig, u toestemming om die skool verleen om:

9.2.1 u, geskeide en of ouers wat nie saam woonatig is nie, se inligting te versamel, te stoor en te verwerk, wat insluit enige kredietinligting wat van toepassing is op u.

9.2.2 u en u kleuter se inligting te versamel, stoor en te verwerk wat betrekking het op u en u kleuter.

9.2.3 f beeldmateriaal (foto's ens), met of sonder u of u kleuter se naam aan te wend en/of te gebruik vir Skoolpublikasies óf in

persverklarings óf op sosiale media, om die Skool asook u kleuter se aktiwiteite, prestasies of suksesse te vier;

9.2.4 inligting te verskaf en om verwysing te maak ten opsigte van u kind aan enige opvoedkundige instelling wat u verlang u kind mag bywoon, wat ook insluit die Kennies Inkulsiefspan. Die skool sal sorg om te verseker dat alle inligting wat verskaf word met betrekking tot u kleuter se vermoë, aanleg en karakter akkuraat deurgegee word en enige mening oor hom/haar, billik is. Die Skool kan egter nie aanspreeklik wees of gehou word vir enige verlies wat u of u kleuter na bewering gely het voortspruitend uit opinies wat redelikerwys gegee is of korrekte stellings vervat in enige verwysing of verslag wat deur die skool gegee is nie.

9.3 Die klousule hierbo beperk en sluit regte en verpligtinge, asook wetlike verantwoordelikhede wat die Skool teenoor u en kind mag hê, uit.

9.4 Enige ander skool of opvoedkundige instelling waarheen u kind sou wou stuur, in kennis te stel van enige uitstaande skoolfonds.

BELANGRIKE KENNISGEWING:

Deur hierdie Kontrak te onderteken of te parafeer of andersins aan te gaan, stem u in tot die bepalings en voorwaardes vervat in hierdie dokument sowel as enige bepalings en voorwaardes vervat in die Beleide van die Skool, wat deel vorm van hierdie kontrak. As daar enige bepaling in hierdie Kontrak is wat u nie ten volle verstaan nie, vra asseblief vir 'n verduideliking voor ondertekening van hierdie ooreenkoms.

Ondertekening van die ooreenkoms, volg hieronder:

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ___ DAG VAN _____ 2023

Ouer/Voog (1) se volle name en van:_____

Handtekening van Ouer/Voog (1): _____

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ___ DAG VAN _____ 2023

Ouer/Voog (2) se volle name en van:_____

Handtekening van Ouer/Voog (2): _____

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ___ DAG VAN _____ 2023

Vir Ken ‘n-Knikkie Kleuterskool_____

Handtekening: _____